# HOOFSTUK 1

## TERREINVERKENNING EN PROBLEEM- EN TAAKSTELLING

### 1. Inleidend

Die term „godsdiensonderrig" impliseer onderrig in die diens van God. Vir die ware diens van God is in die eerste instansie nodig 'n deeglike kennis van die Woord van God as boek van Godsopenbaring en as die inhoud van die onderrig. Kennis van die Heilige Skrif impliseer ook insig in die doel, aard en sin daarvan. Nadenke oor die doel, aard en sin van die Heilige Skrif is die taak en terrein van die teologie in sy onderskeie dissiplines. En nou is die era waarin ons leef uniek in velerlei opsig. Op die ter= rein van die teologie is daar in ons tyd 'n geweldige diskussie rondom die Bybel. Die huidige teologiese problematiek draai hoofsaaklik om die vraag na die be= tekenis van die Bybel vir die moderne mens. Soos nog nooit in die geskiedenis staan hermeneutiese kwessies op die voorgrond in die teologiese debat. Van hier= die diskussies moet die moderne onderwyser in die Godsdiensonderrig meer as net terloopse kennis opdoen. Van die onderwyser in Gesondheidsleer word verwag om byvoorbeeld kennis te neem van nuwere ontdekkings met betrekking tot diëte; van die geskiedenisonderwyser om kennis te neem van die ontdekkinge van die geskiedweten= skap; van die natuurstudie-onderwyser om kennis te neem

van die nuwere ontdekkinge en uitvindinge van die mo=derne natuurwetenskap; so kan ook van die Godsdiens=onderrigonderwyser verwag word om kennis te neem van ontwikkelinge op die gebied van die teologie. Verder stel die moderne kind en sy situasie eise aan die on=derwyser wat hom eenvoudig noop om op die teologiese probleme van die dag in te gaan, daarvan 'n indring=ende analise te maak, die opvoedeling in sy situasie met al sy probleme te onderken en dan weë en middele te beplan om sy godsdiensonderrig so in te rig dat dit 'n sinvolle kommunikasie bewerkstellig tussen God se Woord en die opvoedeling in ons tyd.

Ten einde enigsins tot formulering van die pro=bleem van ondersoek te geraak is dit gerade dat die onderhawige terrein eers in breë trekke vooraf geskets word.

## 2. Die agtergrond van die huidige teologiese pole=miek: Die problematiek van die hedendaagse mens en sy kultuursituasie

### 2.1 Onsekerheid en verwarring in 'n veranderende wêreld

Ons belewe 'n tyd waarin die religieuse en teo=logiese boek 'n „bestseller" geword het. Koerante en weekblaaie, as termometers van die daaglikse gebeure, vertoon 'n verrassende wending na die lewensbeskoulike aspekte van ons samelewing. Dit is o.a. 'n duidelike teken van die onsekerheid van die mens van ons tyd wat geen geborgenheid meer voel by die tradisionele belyde=

nis en verkondiging van sy kerk en wat te midde van hierdie krisis in 'n duidelike persoonlike verantwoordelikheidsbesef op soek is na 'n nuwe houvas. Die „konvensionele Christendom" het vir hom onleefbaar geword en spreek hom nie meer aan nie. 'n Nuwe gestalte van 'n eietydse Christenwees sien hy nog nie. En in hierdie kollektiewe onsekerheid voel hy hom teruggewerp op homself. Met 'n ongekende honger oorskry hy alle grense van kerk en lewensbeskouing, lees hy boeke en tydskrifte van uiteenlopende beskouing in sy soeke na inspirasie tot 'n vernieude christenwees, na 'n eietydse verstaan van God se Woord[1].

Hierdie ankerlose mens voel homself bedreig, selfs van God bedreig. Die oorsaak van laasgenoemde probleem moet deels in die geskiedenis gesoek word. Geïnspireer deur die Grieks-metafisiese denke het die Christene eeuelank God teenoor sy skepping geplaas, die Christen teenoor die mens, die siel teenoor die liggaam, die bo-natuur teenoor die natuur, die genade teenoor die vryheid, die kultus teenoor die kultuur, geloof teenoor wetenskap. Ső is selfs Christene uitmekaargejaag, veral as gevolg van die onaanvaarbare dilemma tussen die menslike aspek en die genade-aspek van ons Christenwees en Kerkwees, waarin van die mens 'n konkurrent van God gemaak is en waardeur God gedegradeer is tot 'n bedreiging van die mens[2].

Die mens betree 'n nuwe tydperk in sy gedkiedenis waarin diep ingrypende en snelle veranderinge geleide=

1) Fiolet, H.A.M. Vatikanum II als uitgangspunt van een vernieuwde geloofsbezinning (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. Revolte in de Theologie, p 104).

2) Loc. cit.

lik oor die hele aarde verbrei. 'n Omvattende maat=skaplike en kulturele omwenteling het ook sy invloed op die godsdienstige lewe. Die geskiedenis ontwikkel teen so 'n snelle tempo dat individue nouliks kan by=hou. Hieruit ontstaan 'n kompleks van nuwe probleme wat om nuwe analises en sinteses vra. Die instellings, die wette en die wyse van denke en voele van 'n vorige generasie skyn nie meer altyd goed te pas by die hui=dige stand van sake nie. Dit lei tot ernstige ver=warring in die wyse van handeling, ja selfs in die nor=me daarvan. In hulle worsteling om koers in die ver=warring kom baie mense wel tot 'n meer lewende Gods=besef, maar andersyds word meer en meer mense só van die godsdienspraktyk verwyderd.[3].

Die opvallendste kenmerk van die godsdienstige situasie van ons tyd is veranderlikheid, beweeglikheid, onsekerheid en onrus[4].

Geplaas voor genoemde ontwikkelinge van die hui=dige wêreld stel meer en meer mense die hoogs fundamen=tele vrae: Wat is die mens? Wat is die sin van ly=ding, van die kwaad, die dood, die lewe, oorlog, oor=winnings met sulke hoë pryse? Wat kan die mens doen vir die maatskappy, wat daarvan verwag? Wat volg na hierdie aardse lewe?[5]

## 2.2 Soeke na sin

Daar is in ons tyd 'n ongekende soeke na die sin

3) Ibid., p. 112

4) Van de Pol, W.H. Het einde van het conventionele christendom, p. 10.

5) Fiolet, H.A.M., op. cit., p.112.

van dinge. Die mensdom, losgeruk van sy ankers, ook die ankers van die verlede, smag na duiding van sy eie bestaan. Die lewe het 'n lewe van die oomblik geword. Deels moet dit toegeskrywe word aan die feit dat die mens sy vermoë om sy herkoms te dui, sy verlede sinvol te interpreteer, kwytgeraak het. Die geskiedenis het vir hom sy sin verloor. En nou het die Godsopenba=ring na ons in 'n historiese beeld gekom. Saam met die gewone geskiedenis word dus ook die openbarings=geskiedenis deur die tipiese moderne mens as nie-rele=vant ervaar[6].

Hedendaagse literatuur, veral ook teologiese li=teratuur, toon onteenseglik dat die kwellende vraag=stuk wat die moderne mens besighou dié van die sin=loosheid is. Die probleem van die huidige mens is dié van vervreemding en angs omdat hy nie by magte is om die sin en doel van sy lewe duidelik te sien nie[7].

Die Griekse oudheid wat uitgemond het in die Neo-Platonisme, het geglo in die sin van alle dinge. Die vroeë Christendom het nog vasgehou aan die woorde van Paulus: „Uit God, deur God en tot God is alle dinge". Die Middeleeuse gelowige het 'n sinvolle verband tus=sen natuur en bo-natuur gesien en geweet dat hy in 'n totaliteit opgeneem is. Die Reformasie het geweet van 'n God in Wie se vergewing ons lewe nuwe sin ont=vang. Maar ons moderne tyd sien allerweë die leegte

6) Berkhof, H. Cristus de zin der geschiedenis.

7) Van Dyk, M.P. De vraag naar God in deze tijd. Regelrecht. Evangelische oriëntaties, 4(1): 28, Jan. 1968.

van sinloosheid. Die woord „God" het selfs vir baie sinloos geword. By vele is daar geen geloof meer in 'n sinvolle orde van die kosmos, geskape deur 'n mag wat alles regeer nie. Volgens Paul von Buren het die woord „God" 'n vreemde woord geword. Die mens is ver= vreemd van homself, van die wêreld, van die natuur, van die medemens. Die filosofiese denke is steeds aan die worstel met die probleem van die splitsing tussen sub= jek en objek, tussen denke en syn en weet nie hoe om die brug te slaan nie. Die mens staan in 'n wêreld waarin hy hom vreemd voel. Kunswerke stel die verhou= ding mens-medemens dan ook volkome ontwrig voor[8].

Ook die jongmens van ons tyd worstel met die „syn" - die oorsprong daarvan; hy soek 'n verklaring vir die sonde, die toekoms van die aarde en van die mens= dom asook van homself. Hy is baie geïnteresseerd in die dinge van die lewe van elke dag, sy teleurstellinge en verdriet, maar ook van sy suksesse, sy vriende, ens. Selfs die hemel is vir hom nie so aantreklik nie - dit is vir hom 'n onwerklike droomwêreld[9].

## 2.3 Die bedreigde mens

Die moderne mens het die sinvolle greep verloor en 'n bedreigde van eie kultiverende hand geword as ge= volg van die teoretiese weglansering van God na trans= kosmiese ruimtes[10]. Die tegnologiese ontwikkeling van ons tyd gaan so snel dat ons rede het om 'n tekort

8) Loc. cit.

9) Zuidhof, J.P. Proeve van een eigentijdse kategese. Verbum, 34(10): p. 328, Okt. 1967.

10) Van Riessen, H. Mondigheid en de machten, pp. 9-10.

aan geestelike aanpassing te vrees[11].

Die mens van ons tyd het geen erg aan veralgeme= ning nie. En nou word die prediking in ons tyd al te veel gekenmerk deur 'n opvallende ontindividualisering. Voorheen is die individu aangespreek, al was dit nie altyd op 'n blye wyse nie. Nou word die vraag ge= stel: Is hierdie hedendaagse veralgemening, ontindivi= dualisering, miskien mede-oorsaak daarvan dat die jong= mens van vandag, wat minder deur tradisie gelei word, hom losmaak van die kerk?[12]

Die moderne samelewing word in belangrike mate beïnvloed deur 'n samestelling van kragte en verskyn= sels wat met die woord „industrialisme" aangedui kan word. Die kragte van die industrialisme vorm 'n do= delike bedreiging vir die hedendaagse mens. Voort= gaande arbeidsverdeling (arbeidsplitsing) ontneem die arbeid sy geestelike inhoud in so 'n mate dat dit tot suiwere meganiese handeling word. Dit beroof die mens sy inisiatief en lei tot eentonigheid. So word die menssyn bedreig. Die herhaling van handelinge met geringe omvang lei tot 'n soort meganisasie waarin slegs smalgespesialiseerde werknemers benodig word. Rasionalisasie en standaardisasie van werkmetodes lei tot uniformiteit van handelinge, uitskakeling van ini= siatief en gevolglike ontpersoonliking van die mens. Deur massafikasie in die moderne grootbedryf word in= dividuele geaardheid en vakbehulpsaamheid misken. Verhoudinge word onpersoonlik. Selfs kommunikasie= media en ontspanningsmiddele kry 'n massale karakter.

11) P., Lekepraat. Ad Fontes, 15(11): p.262, Sept.1968.

12) P., op. cit., p. 264-5.

Massafikasie skep nivellering van behoeftes, gewoontes, en sedes en lei tot ontvlugting van die verantwoordelik=heid. Die wesenlikste van die mens, dit wat hom waar=lik tot mens maak, dreig om verlore te gaan a.g.v. in=dustralisme: sy vryheid, sy verantwoordelikheid, sy eie-aard, sy verhouding tot sy medemens. Enersyds krimp die mens se vryheid: hy word slaaf in die be=dryf; andersyds word sy vryheid groter: minder werk=ure, meer vrye tyd wat vir hom 'n probleem word om sin=vol te bestee. Enersyds word die mens se verantwoor=delikheid in die moderne bedryf monsteragtig groot: sosiale verantwoordelikheid m.b.t. kapitaalgoedere, pryse, kwaliteit, konjunktuur, huisvesting, arbeiders, afset, ens.; andersyds krimp sy verantwoordelikheid: toenemende arbeidsplitsing en meganisasie maak arbeid 'n minimale onderdeel van die produksieproses en so dreig die sin van die arbeid om verlore te gaan. Gebrek aan vakbekwaamheid, selfvertroue en Godsver=troue en die vrees vir foutering lei tot 'n vlug uit die verantwoordelikheid, prinsipieel sowel as prak=ties. Verder laat massafikasie en urbanisasie die individu induik in die kleurlose massa en so gaan sy eie-aard verlore. Die mens is 'n onherhaalbare in=dividualiteit, 'n skepsel van God met sy eie persoon=likheid en nie 'n soveelste afdruk van dieselfde cliché nie. As kultuurvormer onder Goddelike opdrag moet hy vormend en ordenend ingryp in die natuurlike staat van dinge. In die stempel wat hy op die onge=ordende afdruk, moet sy eie-aard tot uitdrukking kom. Maar nou maak die moderne grootbedryf van die mens 'n nommer, een van 'n groue massa waarin hy geen indivi=duele erkenning kry nie, waarin hy nie geleentheid het

om mee te spreek en te oordeel nie. Verder bedreig die industrialisme met sy gevolglike individualisme medemenslikheid: die moderne grootbedryf lei tot ont=persoonliking van verhoudinge; persoonlike kontrole en toesig word al meer onnodig en oorbodig en so word persoonlike verhoudinge versaaklik[13].

## 2.4 Sekularisme en horisontalisme

Die denke van die tipiese moderne mens word ge=kenmerk deur sekularisme en horisontalisme.

In die Middeleeue was alles min of meer Christe=lik en kerklik. Sedert die Renaissance en die Aufklä=rung het die „Corpus Christianum" 'n disintegrasie=proses ondergaan met die resultaat van sekularisasie en eindelike sekularisme.

„Sekularisasie" beteken „verwêreldliking". Oorspronk=lik is daarmee bedoel die proses waarby goedere wat oorspronklik aan die kerk behoort het oorhandig is met die oog op nie-kerklike gebruik. Later het dit bete=ken die onttrekking van alle staatkundige en maatskap=like belange aan die gesag van die kerk. Hiervoor kan ons natuurlik positiewe waardering hê.

Heyns sien sekularisasie „as die veelsydige his=toriese proses waarin die mens bewus geword het van die belangrikheid van hierdie wêreld, sy roeping en taak in hierdie wêreld opnuut ontdek het, en die insig verwerf het dat die kerk en die teologie nie oor al die lewensterreine mag heers nie, en hy dus met sy selfstandige ondersoek van hierdie wêreld móét en kán

13) Thierry,H. De bedreigde mens in de moderne samenle=ving, p. 7-66.

voortgaan".[14] Hiermee ooreenstemmend sê Newbigin: „Secularization sets man free to question, to experi= ment and to make independent decisions".[15]

Met „sekularisasie" word ook soms die proses aan= gedui binne die Westerse kultuur wat tersydestelling van Christelike norme vir die openbare lewe beteken; dan word die aarde einddoel. Hierdie verskynsel moet liewer „sekularisme" genoem word. Met sekula= risme word dan bedoel die emansipasie van die mens van sy betrokkenheid op die bo-kosmiese. Sekularisme is die verabsolutering van die sekulêre. Dit kulmineer in nihilisme. Heyns sien dan ook „sekularisme" as „die prinsipiële beskouing wat die wêreld totalitêr af= rond tot 'n oorsigtelike en geslote geheel waarin prak= ties geen sprake meer is van probleme wat nie vanuit die wêreld self opgelos kan word nie ........ Sekula= risme kan dus ook goedskiks met immanentisme of hori= sontalisme weergegee word. Alle verbande met 'n wê= reld of 'n beginsel wat bó hierdie werklikheid uitgaan, word radikaal deurgesny. Hierdie wêreld mag nie uit 'n ander bron as uit homself verklaar word nie."[16]

Sekularisasie (sowel as die verabsoluteerde vorm daarvan, nl. sekularisme) is seker een van die mees tipiese verskynsels van ons tyd. Bekende en alge= meen sigbare verskynsels is verwêreldliking en ont= kerkliking van feitlik alle gebiede van die samele= wing: ekonomie, politiek, wetenskap, kuns, sede ens.

14) Heyns, J.A. Sekularistiese teologie. <u>Bulletin van die S.A.V.C.W.</u>, no. 18: p.2, April 1969.

15) Newbigin,L. Honest religion for secular man, p.69.

16) Heyns, J.A., loc. cit.

In die stryd daarteen ly die kerk neerlaag op neerlaag. Dit het 'n program van die kommuniste geword waarmee hulle die godsdiens wil uitwis. Tot met die Tweede Wêreldoorlog is sekularisasie gesien as 'n mag van die duisternis. Sedertdien het daar 'n verdieping in die besinning oor sekularisasie gekom (vgl. Gogarten en Bonhoeffer). Van Leeuwen het selfs geprobeer om daar=aan 'n Bybelse betekenis te gee. Israel is vir hom 'n protes teen die buite-Israelse lewenspatroon waar=van die grondprinsiep is dat God, mens en wêreld een groot omvattende geheel is. Daar word 'n soort god=delikheid op en in alles gelê. Hierteen sou die Ou Testament dan 'n protes wees (vgl. die onvoltooide to=ring van Babel wat net 'n voetstuk en nie 'n top het nie). Die boodskap van die Bybel sou dan wees dat natuur en sosiale instellings almal tot die geskape werklikheid behoort en dus nie goddelik is nie. Daar=om moet alles gedesakraliseer word. Die gevolg van hierdie desakralisasie is die Christelike vryheid: die natuur word vrye terrein van vrye menslike ondersoek en so ontstaan wetenskap en tegnologie. Dit bevry die mens van demoniese magte en ou bindende lewenspa=trone. Berkhof sê selfs: Sekularisasie is die voort=setting van evangelisasie.[17)]

Die langdurige sekulariseringsproses het 'n groei=ende funksieverlies van die godsdiens, kerk en teolo=gie ingehou. Naas die kerk het 'n nuwe, selfstandige wêreld ontstaan. In 'n groot mate het die kerk bly

17) Van Zyl F.J. Die reformatoriese verkondiging en hedendaagse mensbeskouing. Hervormde Teologiese Stu=dies: 13(3), p. 119 - 120.

voortleef in sy ou wêreld totdat hy moes ontdek dat sy wêreld heeltemal anders is as dié een waarin 'n groot deel van die mensheid tereggekom het. Die breuk tus= sen kerk en wêreld het die indruk gewek dat daar twee verskillende wêrelde is: die wêreld van die herinne= ring (die kerk) en die wêreld van die toekoms (die di= namiese mensdom lewend binne 'n alomvattende rasionele verstaanshorison).[18)]

Weens hierdie funksieverlies het die vertroue wat die mens in sy nood vroeër op die kerk gestel het, ver= skuif na die wetenskappe, die tegniek, die politiek, die welsynswerk: almal aktiwiteite wat gerealiseer word binne 'n rasionele verstaanshorison. Daarom het dit geleidelik moeiliker geword om op tradisionele wyse te spreek oor God en tot God. Nuwe wetenskappe het hulle ook gaan besig hou met die religieuse feno= meen self, 'n terrein waarop vroeër net die teoloog kompetent skyn te gewees het. Die psige van die godsdienstige mens is wetenskaplik deurlig, 'n diep= te-psigologiese interpretasie van geloof en godsdiens het ontstaan. So het sosiologiese verklarings van die godsdiens gevolg. Die moderne mens het meer en meer tot die besef gekom dat daar 'n bepaalde dubbel= sinnigheid in sy geloofsdenke en geloofspraktyk skuil. Die godsdiens het onder verdenking gekom. Dit alles het die tradisionele spreke oor en tot God ondermyn en ervaringe het die beginnende twyfel skynbaar beves= tig: geneesmiddels maak siektes gesond wat in die verlede skynbaar deur gebed nôg wonder genees kon word;

18) Schillebeeckx, E. Zwijgen en spreken over God in een gesekulariseerd wereld. Tijdschrift voor Theologie 7(4): pp. 340 - 341, Okt., Nov., Des. 1967.

chemiese stowwe verleen vrugbaarheid aan landbougrond waar sprinkeling van wywater gefaal het; velerlei sosiale voorsieninge en sosiaal-ekonomiese maatreëls het menslike noodsituasies gelenig; biddae is sonder positiewe gevolge gehou terwyl bombardering van die wolke ruim reënvoorsiening bewerkstellig het. En na gelang hierdie dinge op die voorgrond tree, het die voorheen vanselfsprekende spreke oor God verstom. „Nood leer bid" het geword: „Nood leer werk". Dit het voorwaar vir die hedendaagse mens nie net moeiliker geword om oor God te spreek nie, maar veral om tot God te spreek. Selfs outentieke gelowiges gaan soms swaar daaronder gebuk; ander trek hulle geruisloos terug uit die eksplisiet kerklike lewenskonteks.[19)]

Nadat die gelowige hoe langer hoe meer in 'n lewensbeskoulik pluralistiese samelewing lewe, begin baie te besef - aanvanklik 'n skokkende ervaring - dat nie-gelowiges nie dommer, nie minder „deugsaam" as hulleself is nie. Hulle kom selfs soms tot die ontdekking dat tipiese onbegrip en spesifieke ondeugde juis dikwels by Christengelowiges aangetref word - dat selfs baie onreg „namens God" gebeur. Dit is dan wanneer die sin van godsdiens en van 'n beroep op God doen, van spreke oor en tot God vir vele in die mis vergly. In hierdie sekularisering val tegelykertyd simptome van 'n fundamentele onsekerheid op wat die mens bevang in 'n wêreld wat hyself ontwerp het. Vroeër was die onsekerheid en die materiële en geestelike nood die gevolg van 'n „status quo" - wêreld waarop die mens geen vat skyn te hê nie, maar nou is

19) Ibid., p.342.

dit juis die selfontwerpte, gemanipuleerde en nog ver=manipuleerbare wêreld wat vir die mens sorge baar. Die rasionaliseringsproses en die manipuleerbaarheid van die wêreld behoort immers tot die instrumentale vlak, tot die vlak van die middele en die sub-beteke=nisse van die menslike lewe; dit behoort nie tot die niveau van die eintlike sin van alles nie. Vrees vir die toekoms hang oor die sekulêre mensheid; allerlei „geestesbeweginge" kom na vore; allerlei neuroses, psigoses en verskynsels soos die raadpleeg van die horoskoop neem toe met die voortskrydende sekularise=ring. Die groeiende rasionaliteit van die media gaan kennelik gepaard met sinverlies en verduistering van die doelwaardes. Waarom? Omdat hierdie tegnie=se kultuur nie geïntegreer is in die totaalmenslike kultuuropdrag nie. Op die basis van hierdie nuwe si=tuasie word die religieuse vraag in ons samelewing op 'n nuwe wyse relevant.[20]

Moderne teologie is besig om versoen te raak met die feit dat die maatskappy gesekulariseerd raak. Selfs die Godsdiensonderrig en sedelike opvoeding word in ooreenstemming daarmee gerekonstrueer.[21]

Ons beleef tans die na-vore-treding van 'n gods=diens wat as 'n „godsdiens sonder God" bestempel kan word.[22] Vrae wat aan die orde is, vrae soos: „Is daar 'n aparte supra-naturele, metafisiese, goddelike

20) Ibid., p.343.

21) Hinton M. Religious education in a secular society. Learning for living: Sept. 1968, p. 10.

22) Treurnicht, A.P. Godsdiens sonder God. Hoofstad: Sat. 17 Augustus 1968, p. 4.

wêreld bo hierdie wêreld? Is daar 'n ryk van meta=fisiese waardes en waarhede?[23)]

Hierdie nuwe godsdiens word op verskillende ma=niere beoefen. Nie alle ondersteuners daarvan verwerp die gedagte van die bestaan van God nie. Vir sommi=ge, wat selfs die bestaan van God met groot oortuiging bely, is Hy die God van die verre horison - in die verlede of in die toekoms sonder dat Hy 'n allesoor=heersende werklikheid in die teenwoordige is. Vir hulle is sy gesag en wet nie aktueel in die beslissinge van vandag nie. Daar word dus nie met hom rekening gehou by die neem van besluite nie en vir die persoon=like en maatskaplike lewe speel Hy as persoonlike God geen rol nie. Die feit dat die bestaan van God ont=ken word, is natuurlik nie iets nuuts nie. Deur al die eeue het dit gebeur. Tog het ons hier met 'n nuwe verskynsel te doen. Dit is nuut, iets besonders iets wat die aandag van alle gelowiges, in besonder predikante, onderwysers, teoloë en dosente vereis. Die voorstanders van die sg. „God-is-dood-teologie" verklaar dat God, soos Hy tot hiertoe geken is, dood is.[24)] Die vertikale dimensie van godsdiens word dus gereken as nie-bestaande. Alles is horisontaal, bloot menslik.

## 2.5 Anti-konvensionalisme en relativisme

Die hedendaagse mens staan voor diep-ingrypende veranderinge. In feitlik elke opsig word die oue geag as aan die verdwyn en die nuwe neem in steeds

23) Van Dyk, M.P. op. cit., p.33.
24) Treurnicht, A.P., loc. cit.

sneller tempo ander vorme aan as wat verwag word. In steeds wyer kring ontwaak die besef dat ons op elke gebied van die menslike bestaan aangeland het by 'n keerpunt in die geskiedenis van ons beskawing. Dit geld ook op godsdienstige terrein. Voorstellinge, oortuigings, leringe en gedraginge wat kort gelede nog vir vanselfsprekend gehou is, blyk plotseling verouderd te wees[25] Vele is van mening dat baie van die eeue-oue konvensionele vorme van die Christendom onhoubaar en onbruikbaar geword het.[26]

Ons belewe tans 'n algemene konflik tussen mondigheid en gesag en onmiddellik daarmee samehangend tussen mondigheid en konvensionaliteit. Die moderne mens weier om sy verstand en gewete, sy ervaring en kennis van sake uit te skakel om hom klakkeloos en onvoorwaardelik te onderwerp aan watter gesag op watter gebied ook al.[27] Die toenemende mondigheid en selfstandigheid van die gelowiges maak dit meer en meer onmoontlik om konvensionele oortuigings, praktyke en gedraginge onder druk van bo kunsmatig in stand te hou. Die persentasie gelowiges wat sonder om self te dink dinge glo net omdat dit in die Bybel staan, of omdat die kerk so leer of die predikant so sê, of omdat hulle ouers hulle so geleer het, word by die dag kleiner. Nie dat daar noodwendig getwyfel word aan hierdie gesagsinstansies nie, maar die moderne mens verwag tereg antwoorde op vrae en insig in die sin, waarde en aanvaarbaarheid van wat geleer en voor=

25) Van de Pol W.H., op. cit., p. 8.

26) Ibid., p. 9.

27) Ibid., p. 31.

geskryf word. M.a.w. die mens het meer vertroue in die regmatigheid van watter gesagsaanspraak ook, na=mate dit wat geleer en verkondig word inderdaad die mens sterker en persoonliker aanspreek.[28)]

Gepaardgaande met 'n geruislose geloofsafval, is daar godsdienstige onrus, aangevogtenheid en onse=kerheid by 'n groot deel van die gelowiges wat hulle geloof vir geen geld ter wêreld sou wil verloor nie en tog daar geen raad mee weet nie.[29)]

Dat die definitiewe einde van die Christendom en eventueel van godsdiens in die algemeen aangebreek het, is die oortuiging van vele skrywers oor die teo=logie in ons tyd (Bertrand Russell: Why I am not a Christian; Gerhard Szczesny: Die Zukunft des Un=glaubens en Zeitgemässe Betrachtungen eines Nicht=christen; Otto Flake: Der letzte Gott; Gustav Wynekens: Abschied vom Christentum; Werner en Lotte Pelz: God is no more, e.a.). Sommige hiervan ge=tuig van 'n volstrekte breuk met elke vorm van Chris=tendom en godsdiens, ander toon die motiewe waardeur in ons tyd baie tot geloofsafval kom en bepleit die noodsaaklikheid van 'n radikale vernuwing van die godsdienstige geloof en lewe van die Christene.[30)]

Baie teologiese professore is vas oortuig dat die God van die konvensionele Christendom nie meer in die bewussyn van die moderne mens bestaan nie. Van die hand van Altizer het selfs 'n boek verskyn oor die

28) Ibid., p. 32.
29) Ibid., p. 60.
30) Ibid., pp. 65, 66.

evangelie van die Christelike ateïsme![31] En Gabriel Vahannian praat selfs van 'n „post- Christian era".[32]

Die Christendom van vandag het vry plotseling ontdek dat die konvensionele Jesus Christus nie meer vanself spreek nie. Tussen Hom en die mens, selfs die Christenmens, het 'n afstand van vervreemding inge= groei. Sy stem het in die wêreld swak en byna onhoor= baar geword. Hierdie ervaring gaan parallel met dié van „God is dood". „God is doodgegaan sinds de stem van Jesus verder en verder weg klonk."[33] Vir die moderne mens het Jesus veelal gekom om probleme op te los wat ons nouliks meer het; daarom vind die moder= ne mens dit moeilik om Hom nog ter sprake te bring.[34] Tog wil die modernis Jesus nog ter sprake bring sonder om van Hom as sentrum uit te gaan; Hy doen nog net as voorbeeld diens - verder het Hy slagoffer geword van die slytasieproses van die moderne historiese denke.[35]

Die feit dat die konvensionele benadering van die Bybel wel belas is met 'n 2,000 jaar van Wes-Europese denke, val nie te ontken nie.[36]

31) Altizer, T.J.J. The gospel of Christian atheism.

32) Vahanian, G. The death of God.

33) Berkhof, H. Christologie en Christusprediking in verband met de huidige beleving van de werklikheid. Nederlands Theologisch Tijdschrift, 21(5): p 370, Julie 1967.

34) Ibid., p. 383.

35) Ibid., p. 384.

36) Hoenderdaal, G.J. Een tussentijdse balans van de huidige theologische situasie. Nederlandsch Theologisch Tijdschrift. 22(2): p.209. Feb. 1968.

Gepaardgaande met die steeds sterker wordende stroom van anti-konvensionaliteit, vind ons in die huidige situasie 'n toenemende mate van verheerliking van die relativisme. Hieronder word die volgende verstaan: Die aard en omvang van menslike kennis word nie slegs deur hoedanighede van bekende voorwer= pe bepaal nie, maar wel deur toestande, relasies, be= treklikhede en vergelykings.[37] So word standpunte nie ingeneem volgens objektiewe vaste beginsels nie, maar volgens die eis van die situasie en die hier en die nou.

Die middeleeuse eenheid van opvatting oor sake is verbreek. Tans het ons 'n pluriforme, polivalen= te en dinamiese kultuur. Ou keuses en standpunte verloor in ons tyd vanselfsprekenheid en oortuigings= krag. Die huidige mens is tydbepaald en situasie-gebonde en verkeer onder die indruk van wat nou hier waar en goed is.[38)] Die pluriforme kultuur van ons tyd vertoon die volgende trekke: Mondigheid (vgl. „Declaration of human rights" en bevordering en re= spektering van vryheid van godsdiens, oortuiging, me= ningsuiting, politieke selfbeskikking); veelheid van opvattings (kerke, godsdienste, filosofieë); groter toeganklikheid tot kennis (vgl. verlengde leerplig, die „pocketbook", moderne kommunikasiemedia, toerisme, ens. wat die mens in kontak bring met allerlei stro= minge); sekularisasie (weens veelheid van strominge kies die openbare lewe so min moontlik vir een opvat=

37) H.A.T. 1968.

38) Roscam Abbing, P.J. Actuele uitdagingen aan de Christenheid, p.38.

ting en so is die Christendom teruggedring na die kerk, gesin en fakultatiewe Christelike vereniging); ver= traagde volwassenheid (weens die gekompliseerde same= lewing); innerlike onsekerheid by mense (wat in 'n geslote kultuur opgegroei het; die diversiteit van die samelewing en opvattings bring onsekerheid; die gevolge is dan óf krampagtigheid of wêreldgelykvormig= heid).[39)]

Die hedendaagse dinamiese kultuur kan soos volg getipeer word: Ons beleef 'n tyd van revolusionêre verandering op alle gebiede. Die kontinuïteit met die verlede is prakties verbreek. „Konserwatief" het 'n skeldwoord geword. Die historiese word as die relatiewe beskou. Lessing het al gesê dat toevallige historiese waarhede nooit die bewys vir redelike waar= hede kan word nie. Hierdie opvatting is 'n gedugte uitdaging vir die Christendom wat nadruklik uit die verlede put. Volgens die eksistensialistiese beskou= inge oor die Bybel (Bultmann) is die historiese nie grond en inhoud van die verkondiging nie.[40)]

Die pluriformiteit van ons huidige kultuur bemoei= lik die keuse en rek die volwassewording van die mens uit. Die gevolge hiervan is vir Victor Frankl dat die mens sy toevlug neem tot 'n lewe vir die oomblik en 'n fatalistiese, kollektiwistiese en fanatieke lewenshou= ding aanneem. Die resultaat is: relativisme, half= heid, slapheid, relatiewe ekletisisme, sinkretisme en indifferentisme. Die vorm wat die relativisme aan= neem, is: Die subjektiewe keuse van die mens word ge=

39) Ibid., pp. 39 - 41.

40) Ibid., pp. 46 - 48.

relativeer op grond van die werking van 'n keusedeter= minerende objek - sy ekonomiese omstandighede word bv. bepalend vir sy handelinge; die waarheid word as sub= jektief beskou - eg en waar is slegs wat die mens as waar-vir-hom kies; ons kultuur is onvermydelik histo= ries bepaald, ook ons godsdiens - vandaar 'n Westerse, Oosterse, klassieke, moderne, ens. kultuur en wie kan bepaal wie het gelyk? Daarom moet alles binne die groot horison as relatief geag word; elke lewens- en wêreldbeskouing of leer is begrens, dus relatief en die mens moet „oop" wees.[41)]

## 2.6 Leegte en eensaamheid

Die moderne mens is eensaam: deur opvoeding en studie vermink, deur sy beroep verpletter en deur die radwerk van die Westerse lewe in beslag geneem. Simp= tome van die hedendaagse eensaamheid is:

* Die godsdiens van die oomblik: Daar die mens die sin vir die ewigheid verloor het, het hy die hei= ligste wat in sy hart oorgebly het in die oomblik ge= giet; in 'n gevoel van eie verganklikheid klem hy vas aan die minuut; beroof van die ewige, daag hy die ty= delike uit. Die eksistensiefilosofie, die filosofie van die hier en die nou, die filosofie van die noodlots= geworpenheid met 'n versperde uitsig en hoop op die toe= koms, die filosofie sonder eschatologiese visie, skyn te beantwoord aan die ledigheid van die siel van die hedendaagse mens.[42)]

41) Ibid., pp. 65 - 70.

42) Stĕphan, R. Het westen op de dwaalweg, pp. 32, 33.

* Doodsverlange: Daar hy aan die oomblik sy dors nie kan les nie, soek die mens die onveranderlike in die uiterste moment, die afskaffing van die wisse=lende. Namate die godsdiens agteruitgaan, neem die selfmoord toe. Selfs 'n ateïs, soos Félix le Dantec het eerlik erken dat selfmoord die logiese konsekwen=sie van ateïsme is.[43)]

* Smaak vir besoedeling en sonde: God en Satan bestry mekaar in die moderne siel: Dan geniet hy van sy willoosheid en swelg in sy walging, dan weer droom hy van die verlore paradys en skud die vernis van die beskawing af. Hy wil maskers en ander opskik afwerp, die netwerk van die konvensies verskeur, die suiwere openbaring van die wese terugvind. In sy waan dat die afdaal tot die bodem van die fontein die suiwerste water sal bied, meen hy om die reinste harte by primi=tiewe onbeskaafdheid aan te tref. Daarom dweep hy met naturisme en naakkultuur, daarom is Tarzanfilms en „Skim" - strokiesprente so strelend. Die moderne letterkunde bevestig verder hierdie stelling.[44)]

* Die smaak vir betowering: Die mens soek ver=vangingsmiddele vir wat hy verloor het. Vandaar sy hartstog vir dans en die mistieke. Die moderne danse is ernstig, verwronge en spreek van wanhoop. Poësie word 'n vervangingsmiddel vir liturgie.[45)]

* Behoeftes om nuwe mites te skep: Die mens kan nie sonder gode klaarkom nie. As hy die Enige

43) Ibid., p. 34.
44) Ibid., pp. 34, 35.
45) Ibid., p. 35.

kwyt is, skep hy afgode:[46] Kuns, spot, wetenskap, seks, ens. is die bekorende gode van die tyd.

## 2.7 Versaakliking

Die egte Bybelse vroomheid word in die moderne tyd bedreig deur humanisering en versaakliking. Hoe=wel die Westerse saaklikheid 'n kragtige impetus is tot uitvoering van die kultuuropdrag, hou dit egter ook die gevaar van materialisme in. A.g.v. 'n alte nugtere omgaan met dinge word die diepte daarvan la=ter nie meer raakgesien nie en dan word daar sonder skroom of piëteit brutaal oor plant en dier beskik. So word die mens 'n ondankbare gryper as besitter, 'n genieter as reghebber. Hedonisme kenmerk sy le=wenshouding; sy hoë lewenstandaard word een en al gejaagdheid; sy gebondenheid aan die materie maak hom onvry en hy word oppervlakkig, sjabloonvormig, masjinaal en rasionalisties.[47]

Versaakliking lei verder tot verwetenskapliking: Slegs algemene wette word nagespeur en die mens word objek. In 'n kollektiwistiese maatskappy dreig hy om 'n maatskaplike funksie te word, 'n rat in 'n masjien, 'n naam op 'n kaart, 'n stuk statistiek. In hierdie maatskappy van versaaklikte kollektiwisme word die medemens benut vir eie behoefte, selfs in sy intiemste relasie; selfs die eroties en seksueel bepaalde liefdesrelasie word versaaklik en persoonlike verhoudings vervlak omdat die persoonlike in die groep opgaan. Die enkeling soek geborgenheid in die groep

46) Ibid., p. 36.

47) Roscam Abbing, P.J., op. cit., pp. 77 - 88.

en identifiseer hom daarmee. Dit gee weer aanleiding tot konformisme wat verder vererger word deur moderne massakommunikasiemedia.[48)]

Die gemiddelde mens vertoon 'n trek van aardge= sindheid. Hy is „diesseitig" gerig. Die hemel het vir hom verbleek en die aarde glinster. Laasgenoem= de is vir hom die enigste werklikheid. Welvaart en mediese sorg laat die mens tuis voel. Die toekoms het uit die blikveld verdwyn - net die hede is oor. „Pluk die dag" is die hoogste lewenswysheid. 'n Gees van skeptisisme, wat selfs in nihilisme ontaard, heers.[49)]

## 2.8 Absurditeit

Vir die eerste keer in die geskiedenis word in ons tyd sinloosheid as uitgangspunt van besinning ge= maak. Die moderne besef van absurditeit is nie net nuut nie, maar ook radikaal. Dit word verder geken= merk deur erns, eerlikheid en moed. Dit moet toege= skrywe word aan 'n kenmerkende solidariteitsgevoel met die medemens. In ons tyd is die dramatiese boeiender as die liriese - dit stel die roue en sin= lose beter ten toon. Die hiernamaals word afgewys as papbroekige omseiling van die realiteit van die dood.[50)]

Die moderne letterkunde en toneel bring 'n ge=

48) Ibid., pp. 88, 89.

49) Ibid., pp. 90, 91.

50) Ibid., pp. 177 - 179.

voel van bewustheid van absurditeit onder woorde wat gedeeltelik bewus by die massa leef en oefen weer be=wustelik invloed op die massa uit. Hierdie absurdi=teit is in die hand gewerk deur twee wêreldoorloë, die bedreiging van 'n atoomoorlog, massakommunikasiemedia wat die verskriklike vanoor die hele wêreld elke mo=ment in die sitkamer bring. Die enkeling voel hom so weerloos in 'n ontsaglike wêreld en word 'n „ding" in die samelewing wat homself eindelik prysgee aan die verveling. Hiervan is die tipiese moderne „eiland=bewussyn" en „hippie-kultus" kenmerkende simptome.[51)]

2.9 Algemeenheid en neutraliteit

Wie in die moderne samelewing wil meedoen, kom meesal voor 'n tweesprong te staan. Hy moet kies: algemeenheid of antitese. Die hedendaagse mens is geneig om voorkeur te gee aan algemeenheid. Daar word meesal algemeen gevoel dat daar die moontlikheid van gemeenskap bestaan en dat in die weg van die be-oefening van die gemeenskap daar ook 'n gemeenskap=like beleid vir die samewerking sal ontstaan. Dit hou ook verder in dat geloofsverskille tussen Chris=tene en nie-Christene geen rede kan bied vir afsonder=like organisasie nie.[52)]

Sake wat die algemeenheid bevorder, is o.a.:

* Die behoefte aan gemeenskap: Daar is dees=dae 'n strewe oor die hele wêreld na 'n gematigde standpunt, na verdraagsaamheid. Die gemeenskap word

51) Ibid., pp. 180 - 182.

52) Van Riessen, H. & Firet, J. Moderne algemeenheid, pp.7 - 10.

bo die verdeeldheid gesoek. Die doel is gewoonlik 'n mengsel van magshandhawing en bevordering van die welsyn van die mense. So 'n gematigde, sintetiese standpunt bring gewoonlik 'n verlies van geestelike krag mee.

* Gemeenskapsverval: Ons eeu is 'n eeu van gemeenskapsverval en gemeenskapsideale. Menswees is, so word gemeen, eintlik medemenswees. Eers in die ontmoeting word die mens homself. Die gesprek is die remedie vir alle kwale. Slegs in kommunikasie groei die waarheid. Die mens is dialogiese wese. „Human relations" is die sleutel tot oplossing van alle probleme. In so 'n klimaat word die algemeenheid omhels en die antitese gewantrou. Dit is 'n reaksie op die individualisme van die vorige eeu. Die ontsluiting van die verkeer deur die moderne tegniek het die behoefte aan omvangryke organisasies laat ontstaan. Die toenemende invloed van die wetenskap het die eis van deskundigheid weer op die voorgrond laat kom. Die lewe het te ingewikkeld geword vir die gewone individu om standpunt te kan bepaal. Die groep moes die oplossing gee. Verder het die eise van deskundigheid spesialisasie meegebring en dit het die spesialis geabsorbeer en geïsoleer van sy omgewing. Oor die algemeen is daar ook 'n gebrek aan gemeenskaplike geloof. In die afval van die Christelike geloof soek die mens 'n steunpunt vir sy geloof elders, nl. in die dinge binne die skepping: die rede, die wetenskap, vooruitgang, vryheid, gemeenskap. In die gemeenskaplike kultuur kom dit steeds neer op 'n kompromis tussen Christendom en humanisme. In 'n tyd van geloofswakte en twyfel is mense geneig om kompensasie te

soek in die gemeenskap. Daar is 'n afkerigheid van stryd en verdeeldheid terwyl voorkeur gegee word aan verdraagsaamheid, vrede en eenheid, selfs ten koste van die waarheid.

* Die invloed van die moderne kommunikasiemid= dele: Die geestelike barrières wat voorheen tussen groepe van verskillende lewensopvatting bestaan het, word deurbreek. Die swart-wit-skema verval en alles word egalig grys. Die radio en koerant bied aan al= le mense dieselfde; vir elkeen moet iets aangebied word en daarom word programme aangebied wat sover moontlik die oorgrote meerderheid mense bevredig.

* Kultuuruitwissing: A.g.v. feitlike daaglik= se kontak tussen verskillende kulture, word 'n soort „gemiddelde" kultuur gevorm. Veral werk kontak met die V.S.A. die sg. „community" idee in die hand en dit lei tot veroppervlakkiging van die geestelike lewe.

* Toenemende owerheidsbemoeiing: Die owerheid se mag vergroot en hy moet steeds algemeen optree weens die diverse bevolkingsamestelling. Lg. verplig die owerheid om die algemene bo verdeeldheid te stel. Om= dat die owerheid byvoorbeeld 'n algemene grond moet hê vir subsidiëring, word aktiwiteite van algemene aard bevorder.

* Skadusye van die Christelike organisasielewe: Dikwels dryf die gebrek aan oormoed en geloofskrag by die georganiseerde Christendom mense na die algemeen= heid. Dikwels het die Christelike organisasielewe 'n gebrek aan vitaliteit en word gekenmerk deur 'n onge=

sonde isolasie.[53]

Die motiewe vir die strewe na algemeenheid, kan kortliks soos volg saamgevat word:

* Die solidariteitsmotief: Volgens Karl Barth is Christene en nie-Christene aan mekaar verbonde as sondaars, as skuldiges. Hierdie verbondenheid moet die Christene beleef in solidariteit met die wêreld

* Die apostolaatsmotief: Volgens Barth beleef die Christen sy solidariteit met die wêreld in die apostolaat. Die Christen moet <u>in</u> die wêreld getuie wees.

* Die ontmoetingsmotief: In die moderne denke speel die ontmoetingsbegrip en mede-menslikheid 'n groot rol. Baie beskou dit as die sleutelwoord van ons tyd. Menswees is medemenswees. Die mens word eers werklik 'n „ek" as hy 'n „jy" ontmoet.

* Die mondigheidsmotief: Bonhoeffer het ge=poneer dat ons God as werkhipotese nie meer nodig het nie. Ons het, volgens hom, van God 'n uitvlugshipo=tese, 'n „gatevuller" gemaak, terwyl die God van die Bybel net in Jesus Christus gevind kan word as die mens-vir-andere. Die mens moet self die „gate vul" want hy is móndig. Religie moet verdwyn, en die ge=volg is dan ....... solidariteit met die nie-Christen.

* Die eksistensiemotief: Die mens, so word deur die eksistensiewysgere geleer, moet hom nie deur beginsels laat lei nie, maar deur die eise van die konkrete situasie, en dié is vir Christen en nie-Chris=

53) Ibid., pp. 11 - 23.

ten identiek.[54)]

Hier dien net op die onderskeid tussen neutraliteit en algemeenheid gewys te word: Die neutralis meen dat hy deur uitskakeling van lewensbeskouing en geloof 'n vir almal aanvaarbare prinsipe en beleid kan bereik. Die voorstaander van die algemeenheid pleit daarvoor dat die mens hom soos hy is in die gemeenskap en samewerking moet begeef.

## 2.10 Mag en mondigheid

Van Riessen meen dat ons van ons tyd as die aanbreek van 'n nuwe tydperk kan spreek. Die mag van die mens het ontsettend vinnig toegeneem. Sy heerskappy is so omvattend dat buitemenslike magte nie meer op te merk is mie. Hy voel dat hy homself van alle afhanklikheid en weerloosheid bevry het; hy het selfstandig geword in sy mag en watter struikelblokke ookal in die geskiedenis op sy weg mag kom, hy sal dit self moet oorwin. Dit skyn asof daar geen ander mag buite die mens om is nie.[55)]

Hierdie toestand word aangedui as die mondigheid van die moderne mens. Die eienaardige en tegelyk uniek menslike is nl. dat die mens sy mag buite homself kan plaas. Hierdie mag bevind hom dan tussen die mens en sy omgewing en dit gee daaraan 'n instrumentele karakter. Maar daarby bly dit nie. Die na buite geworpe mag kan selfs 'n min of meer selfstandige bestaan voer: 'n Boek deurwandel die wêreld en 'n

54) Ibid., pp. 90 - 102, 106 - 131.

55) Van Riessen, H. Mondigheid en de machten, p. 8.

masjien gaan onafhanklik van sy uitvinder die geskiedenis in.[56)]

Tans tree menslike mag op in die vorm van min of meer selfstandige magte: wetenskap, tegniek en organisasie. En nou blyk dit dat die mens weliswaar baie magtig is, maar dat hy ook 'n gevangene van sy mag is. Hy het mondig geword in sy heerskappy oor die wêreld, maar hy voel homself in 'n hoë mate bedreig en onseker. Ons geslag is doelbewus, deurtastend en seker van sy sake, maar weet nie reg meer waarom dit eintlik gaan nie. Mag en onmag, mondigheid en onmondigheid lyk onafskeidelik in die moderne situasie. Die ontplooiing van die menslike vryheidsmag waarna eeue lank met gespanne verwagting uitgesien is, gaan vergesel van 'n konflik tussen die menslike vryheid en betreklik selfstandige magte. Om hierdie spanninge reg te verstaan moet in gedagte gehou word dat die idee van mondigheid 'n geslote wêreldbeeld impliseer, die beeld van 'n wêreld sonder God. Die projeksie van hierdie idee na buite bring mee dat nie net die aanhangers van hierdie idee nie maar alle mense 'n wêreld ervaar wat hom voordoen asof daar geen God is nie.[57)]

## 2.11 Die probleem van kommunikasie

Kommunikasie het 'n probleem geword waarmee oral geworstel word.[58)] Volgens Kraemer is die kern van alle ware evangelisasie kommunikasie, dit is die oor=

56) Ibid., p. 9.

57) Ibid., pp. 9 en 10.

58) Kraemer, H. The communication of the Christian faith. p. 10.

drag van die skeppende vonk van die wederbarende en bekerende woord deur daarvan te getuig.[59] Wanneer ons nou van kommunikasie praat, kom twee probleme na vore: Eerstens die probleem van kommunikasie tussen en tweedens dié van kommunikasie van. Lg. is veral die probleem van ons tyd: Die kommunikasie van die Christelike boodskap, wat deur die aard daarvan, die diepste kommunikasie be-oog, nl. die „kommunie" of eenwording met Christus. Die probleem van ons dag is dan die kommunikasie van die Christelike boodskap in 'n wêreld wat skyn geskeie te wees deur 'n diep kloof van die diepste gedagtes, taal en etos van die kerk. Daar is reeds openlik beweer dat, globaal gesproke, erken moet word dat die kerk evangelisties impotent geword het.[60] Daar word gesê dat die Christendom irrelevant gemaak word omdat dit gepromulgeer word as 'n boodskap wat verstaan moet word in Grieks-metafisiese terme.[61]

## 2.12 Aanstoot teen verveligheid en verlange na entoesiasme

Die moderne jongmens is iemand wat hom met alle mag verset teen lang en vervelige toesprake. Selfs die onderwysers en dosente in die Godsdiensonderrig word meesal in ons tyd negatief bejeën deur die jeug Alte dikwels is hulle mense wat vermoeiend „praat"

59) Ibid., p. 11.

60) Ibid., p. 12.

61) Vgl. Baum, G. The future of belief debate; Dewart, L. The future of belief; Hunnex, M.D. Reactions to redicalism. Christianity Today, 12 (11): p. 30, 1 Mrt. 1968.

oor niks, 'n persoon uit 'n vreemde, verre wêreld wat antwoorde verskaf oor moeilike, niksseggende vrae.[62] Een van die grootste probleme van die geestelike lewe vandag is juis dat dit nie meer entoesiasties is nie! Daar is allerweë 'n verlange na entoesiasme, veral na entoesiastiese prediking en onderrig.[63]

## 2.13 Die sedelike in die branding

In ons tyd is die optimistiese evolusiegeloof aan die taan; geleidelik maak dit plek vir pessimis=me. Wetenskaplike ontwikkeling het gelei tot ver=fyning van die kwaad en dit bied die moderne mens meer geleentheid tot sonde. Die sedelike oordeel, veral die seksuele moraal, word gekenmerk deur afgestompd=heid. Morele skepsis is 'n teken van ons tyd. Aan konkrete sedelike norme word getwyfel en heteronomie word met outonomie vervang. Die hoëre wêreld word meer en meer losgelaat sodat die hier en die nou uit=eindelik die enigste is wat tel. Ook op sedelike gebied voel die mens hom 'n geworpene, uitgelewer aan blinde noodlotsmagte. Sekularisme het die wêreld ontgoddelik met die gevolg dat die mens ontmenslik is - hy het van „iemand" tot „iets" geword, 'n massage=sig gekry waardeur hy hom sedelik nie persoonlik aan=spreeklik voel nie.[64] Volgens modernistiese teoloë lê die Bybel ook geen objektiewe norme neer vir die sedelike lewe van die mens nie. Die enigste norm is die liefde, naasteliefde: Wat uit naasteliefde gedoen

62) Zuidhof, J.P., op. cit., pp. 330, 331.

63) Bavinck, J.H., De mens van nu, p. 60.

64) Brillenburg Wurth, G. Het Christelijk leven,pp.6-17

word nie, is sleg.[65]

## 2.14 Realistiese filosofieë

Globaal gesproke vorm eksistensiefilosofie ener=syds en nieu-positivisme, nieu-empirisme resp. nieu-realisme andersyds die twee hoofrigtings waarlangs die huidige wysgerige besinning verloop. Die eerste is die refleksie van die op sigself teruggeworpe menslike eksistensie en die tweede beliggaam die strewe om so nou moontlik by die empiriese werklikheid aan te sluit en dit so objektief moontlik te ontsluit. Die eerste trag om so te sê die naakte eksistensiële werklikheid bloot te lê en die tweede streef daarna om die naakte objektiewe werklikheid te onthul. Beide filosofiese houdings is weliswaar tipiese ekspressies van die na-oorlogse geestesgesteldheid, maar die realisme van beide is diep gewortel in die geskiedenis van die wys=gerige denke en word gekenmerk as 'n gedurige kritiek op en opposisie teen die meer metafisiese werklikheids=begrip.[66]

Teologiese ontwikkelinge het hand aan hand met die ontwikkeling van die moderne filosofieë gegaan. Op die vasteland van Europa gee die eksistensialistiese en fenomenologiese beskouing oor Skrif en godsdiens steeds die toon aan terwyl die neo-positivisme en die „lingu=istic analysis" die teologie in die Angelsaksiese wê=

65) Van der Walt, S.P. Die nuwe moraal. In die Skriflig, no 1: pp. 4 - 10, Okt. 1966.

66) Szekeres, A. De antimetafisiese tendensies in de filosofie en Teilhard de Chardin. Nederlandsch Theolo=gisch Tijdschrift, 22(1): p. 13, Okt. 1967.

reld beheers.[67] (Die „linguistic analysis" streef na 'n meer ondubbelsinnige woordgebruik by die kommu= nikasie van die mense met die bedoeling van by te dra tot die wegneem van baie misverstande en 'n beter be= grip van mense onderling).[68]

## 2.15 Die nuwe mensetipe, wêreldbeeld en Godsbeeld

Die Europese mens beheers nie meer die grootste gedeelte van die wêreld wat vroeër aan hom onderworpe was nie. Die tyd van die kolonisasie is byvoorbeeld onherroeplik verby. Die koëksistensie van blanke re= gerings tuis en die blanke sending is in die kolonies verbreek: simbool en profesie van 'n komende totale verbreking van die nog op wankele kompromisse hinken= de, spesifiek-Europese beskawing. Die Europese (Westerse) gees, gevorm deur Christendom en geleerde humanisme, die Weste met sy elite-kultuur van die Re= naissanse, verryk met die innerlikheid van die Roman= tiek, die glorieuse Weste, bestaan nie meer nie. Die evangelie het sy houvas op die Weste verloor.[69]

Dr. W.H. van de Pol vra in sy boek „Het einde van het conventionele Christendom" (1967): „Is de theolo= gie van de kerkvaders eigentlijk iets anders dan een uitdrukking van het Evangelie in termen en categorieën

67) Sperna Weiland, J. De Angelsaksische vernieuwings= teologie. (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. Revolte in de theologie, p. 48).

68) Hubbeling, H.G. Analytische filosofie en theologie (In Berkouwer & Van der Woude, op. cit., p. 62).

69) Rijnsdorp, C. Schets van de huidige cultuursitua= tie. Ad Fontes, 15(11): p. 27 Sept. 1968.

van de Grieks-Romeinse oudheid?"[70] Verder skryf hy „Allerweë komt de vraag op of het Griekse intellektu=alisme en het Romeinse moralisme en legalisme niet de rotsen zijn, waarop het Evangelie schipbreuk heeft ge=leden".[71]

Soos by 'n aardbewing mure skeur, konstruksies uit=eenval, so maak die heilsboodskap in sy outentieke ge=daante hom in ons tyd vry van eeueoue verbande en ver=bonde, van histories-gegroeide situasies, wat hom al lank kompromitteer. Ons kan wat ons nou beleef in Nuwe-Testamentiese taal „'n uur van versoeking" noem. Miljoene mense gee die Christendom prys omdat die kon=vensionele kerklike vorme waarbinne die geloof bely moet word, aangetas is en verbreek word.[72]

Dr. C. Rijnsdorp skrywe bogenoemde toestand toe aan historiese foute van die Christendom, soos: Ver=menging van genade en mag by Rome sinds Konstantyn; 'n halwerwegse staking van ontroomsing in 'n bowendien verdeelde reformasie; die waan van die kerk wat meen dat die heiligheid van haar boodskap vanself deurslaan na die institutêre verskyningsvorm daarvan; die ver=loëning van die evangelie waar dit duidelik oproep tot diens aan die vernederdes en verdruktes.[73]

Die akademiese humanisme word gekonfronteer met 'n nuwe, mondiale massahumanisme vir wie die massamens die model is. Die oue en die nuwe kom op alle gevoe=

70) Van de Pol, W.H., op. cit., p. 315.

71) Ibid., p. 334.

72) Rijnsdorp, C., op. cit., p. 271.

73) Loc. cit.

lige punte met mekaar in konflik: in die studentewêreld, in litertuur en kuns, in radioproduksies, in politieke partye. Daar word vasgeklem aan terme soos progressiwiteit en radikalisme, verligtheid en verkramptheid, uitdrukkinge wat verwarring wek omdat hulle nie klop op die werklike situasie wat altyd baie ingewikkeld is. Dit is hoegenaamd nie duidelik waarheen die progressiewes en na watter wortel die radikales wil terugkeer nie. Dít is die vakuum! Die verhouding, van die onderling verdeelde, onseker geworde Christendom en die deur die hordes bedreigde elite-humanisme word steeds moeiliker. Daar is 'n skeur in die kultuurfondament. Teenoor die Christendom en die idealistiese humanisme rys die springvloed van die mondiale massa-humanisme wat by geen enkele grens halt roep nie. Nuwe, onweerstaanbare norme ontstaan. Digters, toneelskrywers, novelliste, romanskrywers en essayiste, verrig „vroedvrouwerk" by die geboorte van 'n nuwe mensetipe. Die kerke in hulle tradisionele gestalte het vir hierdie mense vandag weinig te sê.[74)]

Vroeër is die natuur probleemloos beleef as skepping van God. Tans is dit uitsluitlik objek van die menslike natuurbeheersing. Hierdie veranderde uitsig op en ander omgaan met die natuur verander ook die beeld van die mens. Dit mens gewaar in die wêreld ook nie meer die „vestigia Dei" (spore van God) nie, maar net die „vestigia hominis" (spore van die mens): die wêreld is vermenslik.[75)]

74) Ibid., p. 272.

75) Schillebeeckx, E. Het nieuwe mens- en Godsbeeld in conflict met het religieuze leven. Tijdschrift voor Theologie, 7(1): p.1, Jan., Febr., Mrt. 1967.

Daar gaan tans deur die hele mensdom 'n haas on=tembare verlange om die wêreld te verbeter tot welsyn van almal.

Wêreldbeeld en mensbeeld hang saam. Die wyse waarop die mens met die natuur omgaan, bepaal metter=daad ook die wyse waarop hy sy menswees beleef. As mens die wêreld slegs tegnies bewoonbaar wil maak, loop hy gevaar om dit deur hierdie eensydige benadering menslik onbewoonbaar te maak. Die „homo faber" loop groot gevaar om ook die medemens te gaan beskou as 'n bemeesterde deel van die wêreld. Sodra die mens meen dat hy heel die menslike lewensproblematiek louter we=tenskaplik kan oplos, met uitsluitend rasionaliseren=de instellings en maatreëls, raak die diepste van die mens self in die knel.[76)]

Vele ervaar hierdie nuwe mens- en wêreldduiding regstreeks as 'n krisis in hulle godsdienstige lewe, eerstens omdat die nuwe mensbeeld 'n toekomsprojek word en daarmee die lewende krag van tradisies en van oudsher oorgelewerde verworwenheid uiteraard op die helling plaas.[77)]

Daar is, soos reeds aangetoon, 'n Copernicaanse omwenteling in die huidige bestaanservaring wat met die woord „sekularisasie" aangedui word. Dit dui in die eerste instansie op 'n verandering in die relasie van die mens tot die wêreld, nuwe verhoudinge van die mens tot die aardse vormgewing van sy bestaan. Die mens word self subjek, die demiurg van sy aardse be=

76) Ibid., pp. 3 en 4.

77) Loc. cit.

staansvorm. Maar 'n wysiging in die menslike selfbe=staan lei ook onvermydelik tot 'n wysiging in die Gods=beeld, daarom het die sekularisasie ook 'n godsdiensti=ge betekenis. In die ou mens- en wêreldbeeld het God gefunksioneer as Iemand wat ingegryp het in die wêreld en die natuur, geskiedenis, maatskappy. Dit het Hy dan gedoen via die kerk. Omdat die kerk aan hierdie gedagte vasgehou het, het die sekularisering deels ver=loop in 'n anti-kerklike en antigodsdienstige klimaat.[78)]

In ons tyd het mense daarvan bewus geword dat ons geen Godsbegrip het nie en dat elke vermeende Godsbe=grip goddeloos is omdat dit God se „transendensie" misken. Maar só dreig God ook 'n „grensbegrip" te word, 'n „leegte". In ons tyd dreig God om van voor=stelling tot vraag te word, 'n vraag waaroor gelowiges en ongelowiges nie uitgepraat kan word nie: in die ge=wone gesprek, koerant, letterkunde, radio- en T.V.-diskussies.[79)]

Die mens wat uit die proses van sekularisasie na vore tree, word deur geleerdes die „vierde mens" ge=noem. Hoewel sy gestalte nog nie heeltemal duidelik is nie, kan sy profiel reeds opgemerk word teen die skemering van die nuwe era in die geskiedenis van die mensheid.[80)] Dietrich Bonhoeffer beskrywe hom as „die mondige mens". Hy is 'n wêreldse, of beter: 'n aardse, mens. Sy mondigheid sou dan geleë wees in die prysgawe van die valse konsepsie van God sodat daar

78) Ibid., p. 5.

79) Ibid., p. 9.

80) Van Zyl, F.J., op. cit., p. 120.

plek kan kom vir die God van die Bybel. Die valse konsepsie van God sou dan wees dat Hy 'n „Deus ex ma=china" is. In sy godsdienstigheid sien die mens al=tyd uit na die mag van God in die wêreld. God word gemaak tot die antwoord op ons lewensvrae en die op=lossing van ons lewenskonflikte en -ellende. Hy word 'n werkhipotese. Volgens Bonhoeffer is dit nie die God van die Bybel nie.[81)]

'n Tweede kenmerk van die vierde mens is sy gods=diensloosheid. Die wetenskaplike en tegnologiese rewolusie het die godsdiens as hoeksteen van die be=skawing vir goed verwyder. Die a-religieuse seku=larisme het die „corpus Christianum" opgehef. Hoe=kendyk noem die vierde mens post-Christelik omdat die Christendom nie meer vir hom relevant is nie. Hy is ook post-kerklik want hy verstaan nie meer die taal van die kerk nie. Ook is hy post-persoonlik, massa=mens. Hy kan nie meer persoonlik aangespreek word nie.[82)]

## 3. Voorlopige beknopte oorsig en verkenning van die moderne tendense in die teologie

Voordat tot 'n heldere omlyning en begrip van die probleem van hierdie studie gekom kan word, sal dit verder nodig wees om baie kortliks 'n karakteri=sering te gee van die betekenisvolle ontwikkelings van die teologie van die onmiddellike verlede.

81) Ibid., p. 121.

82) Ibid., pp. 122, 123.

Soos reeds hier en daar uit die voorafgaande oor=sig oor die huidige kultuursituasie geblyk het, beleef ons geslag 'n nuwe wenteling in die teologie wat skyn=baar afgereken het met die sekere Woord van God. Neo-Protestantse godsdienstige strominge verloor krag en nader die einde van hulle spesiale aanslag, terwyl klassieke modernisme, hoewel polities 'n vulkaan, teo=logies nou niks anders as 'n windsak is nie.

In die oorsig van die moderne teologiese tendense wat nou hier volg, word 'n artikel van die redakteur van die tydskrif „Christianity Today" in hooftrekke gevolg.[83] Hier het ons m.i. 'n goeie oorsigtelike samevatting van die huidige teologiese situsasie, waar=van hier nou 'n vrye weergawe gebied word. Uit die aard van die doel van die weergawe word hier nie vol=ledig en intensief op die onderhawige saak ingegaan nie - dit word in hoofstuk 3 gedoen. Die bedoeling hier is slegs die aanduiding van die probleem.

### 3.1 Ineenstorting

Die heersende neo-Protestantse religieuse teorie het vir die derde keer in die twintigste eeu ineenge=stort. Eers het die klassieke modernisme ineengestort, toe die neo-ortodoksie en tans is die eksistensialisme besig om in duie te stort.

Klassieke modernisme was die teologie van die ra=

83) Henry, C.F.H. Where is modern theology going? A sweeping appraisal of religious currents. Christianity Today, 12(11): pp. 3 - 7, 1Mrt. 1968. L.W.: Die pa=ragraafopskrifte is my eie, nie Henry s'n nie.

dikale Goddelike immanensie. Gebou op Hegeliaanse panteïsme het dit God gelyk gemaak aan mens en natuur en wondere en besondere openbaring verwerp. Die in=vloedrykste teoloog uit hierdie kring was Schleiermacher wat die klem van bonatuurlike openbaring verskuif het na godsdienstige ervaring met die veronderstelling dat dit 'n behoefte van die moderne verstand is. Maar moderne denke het geblyk meer verganklik te wees as wat die vroeë moderniste kon droom.

Neo-ortodoksie was die teologie van die radikale Goddelike transendensie. In die konteks van die dia=lektiese teologie het dit goddelikke inisiatief, beson=dere openbaring en wonderbaarlike verlossing herbeves=tig. Die dappere segsman hier was Karl Barth.

Eksistensialisme is die teologie van die subjek=tiwiteit, die opvolger van die dialektiese ontkenning van objektiewe openbaring en verlossing. Rudolph Bultmann was die kampvegter wat met nadruk beweer het dat die moderne mens nie 'n modernistiese, nie 'n neo-ortodokse, maar 'n eksistensialistiese vertolking van die werklikheid vereis. Die bo-natuurlike moet gede=mitologiseer word. Die kerugma moet gedehistoriseer word. Maar Bultman se dissipels het gou tot verskille met mekaar verval en gou het eksistensialistiese teo=logie sy kontrole op die vorming van die teologie van die dag verloor.

## 3.2 „Open field"

Die bestaantyd van moderne alternatiewe vir evan=geliese Christendom is besig om korter te word. Klas=

sieke modernisme het teologiese denke beheers van 1900 tot 1930; dialektiese teologie van 1930 - 1950; en eksistensiële teologie van 1950 - 1960. Wat gedurende die middeleeue in 1,000 jaar gebeur het, vind in ons tyd in 10 jaar plaas. Miskien moet dit toegeskrywe word aan die kennisontploffing van ons tyd. Ander meen dat alle teologiese formuleringe feilbare menslike teorieë is of tentatiewe godsdienstige modelle is onderworpe aan gereelde revisie.

Bybel-georiënteerde Christene staan daarby dat daar 'n kern van geopenbaarde waarheid is waarmee alle menslike tradisies beoordeel moet word.

Europese teologie is tans 'n „open field". Nie een van die talle voorvegters het beheer nie. In 1954 het die rebellie van Bultmann se dissipels begin met Käsemann. Dit was die begin van 'n dekade van eindelose teologiese afskeiding en verdeling. Die toenemende onenigheid tussen na-Bultmanniane oor die betekenis van die historiese Jesus was maar net een aspek van die godsdienstige gisting. Onder die wat betrokke geraak het by die wyerwordende soektog na 'n bevredigende alternatief was die tradisionele konserwatiewes wat daarop gestaan het dat Goddelike openbaring begryplik en histories is; heilshistoriese geleerdes het bly handhaaf dat die openbaring histories is maar dat ons geroepe is om die betekenis daarvan vas te stel; herleefde Barthiane het die vroeë Barth gesupplementeer met kwasi-objektiewe elemente in die trant van die hersiene „Kirchliche Dogmatik"; onafhanklike denkers soos Thielicke en Stauffer het na vore getree en figure soos Pannenberg en Moltmann het op die toneel verskyn. Ra=

dikale denkers soos Braun en Mezger het die realiteit van God gereduseer tot intermenslike verhoudinge en het „God is liefde" verander na „liefde is God". Hierdie siening het maar een van die baie alternatiewe in die pluralistiese teologiese milieu gebied. In kontras hiermee het radikale sekulêre teologie - die V.S.A. wye belangstelling gewen en 'n besondere situasie geskep.

### 3.3 „God-is-dood-teologie"

Die sg. „God-is-dood-teologie" het prominensie gekry in die Amerikaanse godsdienstige diskussie en is openlik verwelkom in die ekumeniese gesprek. Die „God-is-dood" -skrywers het betekenis gekry nie deur Gabriel Vahanian se handhawing van 'n moderne kulturele vervreemding van die Christelike erfenis waardeur God eksistensieel gesterf het nie, maar veral deur hulle verklaring van die letterlike dood van God. Die nuwe radikaliste het hulle aan wantoe-eiening en verdraaiing van Bonhoeffer se „Letters from Prison" skuldig gemaak aangesien dit nooit Bonhoeffer se bedoeling was om 'n religieuse positivisme in te lei nie. In hulle algemene ontwerp van 'n sekulêre teologie wat Jesus in die sentrum geplaas het om so 'n bo-natuurlike, persoonlike God te vervang, het Altizer die ontiese dood van God bepleit, Van Buren het met hom sy verwerping van 'n ryk van Goddelike transendensie gedeel en Hamilton het dit sy betekenis laat verloor.

### 3.4 Teologiese konsternasie

Geleerdes is in toenemende mate bewus van die

diepte van die hedendaagse godsdienstige krisis. He=dendaagse Neo-Protestantisme word geredelik beskrywe as 'n situasie van teologiese chaos. Sekere relati=viste spreek goedkeurend van die „pluralistiese karak=ter" van die huidige godsdienstige toneel, asof 'n ope diversiteit verskieslik is bo 'n teologiese konsensus of eenstemmigheid. Baie meen dat die hedendaagse teo=logie in 'n staat van verwarring is, selfs anargie; ander karakteirseer ons era as 'n teologiese slagting. Frederik Herzog beskrywe die situasie as een van oor=stelpende konsternasie in sy „Understanding God" (1966). Hy karakteriseer dit met 'n Griekse term wat gebruik is om die giere van primitiewe godsdienste in die ei=lande van die Stille Oseaan te beskrywe, nl. „aporia" (at poros - sonder gang of koers), dus 'n staat van neerdrukkende twyfel i.v.m. die koers wat ingeslaan moet word, waar om te begin, wat om te sê, waar om op te hou.

## 3.5 Geraamteteologie verbreek die Bybelse siening van God

Daar is 'n groeiende gedagte dat die krag van die Bybelse siening van God verbreek is deur ineenge=dronge en versplinterde voorstellings waardeur belang=rike aspekte van die Skriftuurlike openbaring verduis=ter is. Die huidige geslag is 'n teologie aangebied wat skaars meer as 'n geraamte is; 'n teologie wat baie min of niks om die lyf het. Die mens se vernaam=ste ontologiese besef van 'n religieuse werklikheid word deur sekere teoloë beklemtoon, en dit op verskeie maniere: as prekognitiewe besef wat voortdurend die

vraagstuk van God na vore bring (Herzog); as prekog=nitiewe besef wat 'n besef van God is (Tillich); en as prekognitiewe besef van die misterie van die heelal waarlangs God, dié Misterie, Homself openbaar slegs in persoonlike ontmoeting (Horden).

Andere ontken enige punt van kontak, van watter aard ookal, in die mens, vir God se openbaring (Barth, Golwitzer). Ander behou weer die algemene openbaring (God se openbaring in sy werke, d.i. die skepping en die geskiedenis) maar repudieer natuurlike teologie (Brunner). Ander hang 'n soort natuurlike teologie aan (Hartshorne, Cobb). Dan is daar ook hulle wat hulle toelê op die vraag na die historiese Jesus (Robinson, Michaelson).

Linguïstiese teoloë betoog dat religieuse taal wel funksionele waarde besit, maar nie verstandelik waar is nie. Hierdie betekenisverduistering is deels 'n reaksie teen die eindelose en ergerlike herdefinië=ring van Wie en Wat God is. Indien die Christelike begrip van God so radikaal verander moet word soos by Whitehead, Tillich en Bultmann, ten einde dit beteke=nisvol in die moderne mens te maak, sal dit nie eerliker wees, vra sommige, om eenvoudig aan die taal oor God net 'n psigologiese betekenis toe te ken nie?

### 3.6 Spekulatiewe godsdienstige denke

'n Groot getal hoogs voorlopige geskrifte verwerp tradisionele formulerings, reflekteer die moderne gees, weier om te erken dat hulle anti-Christelik is, herbe=vestig die Bybelse siening in nuwe vorme en hou vol dat die nuwe stellings uidrukking gee aan wat die Bybelse

skrywers werklik bedoel om te sê. Hierdie spekula= tiewe rekonstruksies strek van panenteïstiese Chris= tifikasie (Teilhard de Chardin) tot God-is-dood-speku= lasie (Altizer).

Drie vorms van spekulatiewe godsdienstige denke is tans aan die opkom as alternatiewe vir historiese Christelike teïsme. Aldrie verteenwoordig 'n kritie= se onttrekking aan Bybelse kontrole. Aldrie verwerp die werklikheid van die bo-natuurlike of persoonlike God. Aldrie verloën bonatuurlike Goddelike openbaring en verlossing. Hierdie drie vorme is:

### 3.6.1 Teorieë van sosiologiese verlossing:

Hier word polities-ekonomiese strukture beklem= toon as sleutel tot menslike geluk. Langs die beken= de Marxistiese vorm (dialektiese materialisme) is sg. Christelike vorme ontwerp in die konteks van 'n seku= lêre teologie deur Gogarten (in Duitstand), Van Leeu= wen (in Holland), Ronald Gregor Smith (in Engeland) en Harvey Cox en Paul van Buren (in die V.S.A).

### 3.6.2 Teorieë van kosmologiese verlossing:

Hulle staan 'n religieuse ontologie voor waarin die mensdom verlossing verkry deur mee te werk met Goddelike kosmiese kragte. Voorsmake van hierdie sieninge is voorgehou deur Bergson (van Frankryk) en Berdjajev van Rusland. Huidige voorbeelde is Teil= hard de Chardin se panenteïsme, Whitehead se panpsigis= me en Tillich se „sigself wees" waarin alle mense deel het.

3.6.3 Gepoogde sinteses van die heilige en die sekulêre:

Hierdie diverse elemente word op 'n verskeiden=heid van wyses saamgestel deur A.M. Ramsay, J.A.T. Robinson, soms ook Harvey Cox.

Aldrie patrone kom ooreen in die vòlgende basiese opsigte in hulle opstand teen Bybelse teologie.

* Realiteit, soos hulle dit sien, is „one-lay=ered"; 'n Goddelike supernatuurlike morele ryk voor=afgaande aan en onafhanklik van die natuur word verwerp.

* Slegs binne die immanente natuurlike proses akkommodeer hulle die dimensie van transendensie.

* Kognitiewe kennis van die supersensoriese is uitgesluit.

* Baie teologiese antiteses word verwerp, in=sluitende die tradisionele teenstellings van Skepper-skepping; ewigheid-tyd; oneindig-eindig; bonatuurlik-rasioneel; goed-sleg; kerk-wêreld; geloof-ongeloof; verlossing-oordeel.

Ten spyte egter van so baie verskille met die Bybel wat hulle met mekaar in gemeen het, verskil die nuwe strominge opmerklik van mekaar.

* Die jongste pogings om die eb en vloed van die heilige en die wêreldlike met mekaar te versoen, het dikwels in teenoorgestelde rigtings beweeg. Har=vey Cox het die idees van Teilhard de Chardin in 'n sekulêre rigting ontwikkel en Robinson het die sekulê=re teologie in Teilhard de Chardin se panenteïstiese

rigting gestuur, terwyl A.M. Ramsey se korrelasie („The sacred and the secular") meer bemiddelend is.

* Cox beskou dit so dat as die persoonlike „Ek-Jy"-verhouding in die middelpunt van die werklikheid geplaas word, dit 'n bedreiging vorm van die fundamen=tele belangrikheid van geregtigheid wat geen aannemer van die persoon is nie. Robinson, aan die ander kant beskou die persoonlike as die beslissende kategorie om die werklikheid te interpreteer.

### 3.7 Skoenlapperteologie

'n Tipiese kenmerk van die hedendaagse teologie is dat dit geen sistematiese teologie is nie. Die modernistiese teoloë kies en keur wat hulle wil kriti=seer of aanval en wat hulle na vore wil bring. Geen komprehensiewe sisteem van teologiese besinning word gebied nie.

## 4. Probleemformulering en taakstelling

Uit voorgaande oorsigtelike uiteensettings blyk hoe moeilik dit is om 'n komprehensiewe blik oor die gekompliseerde huidige situasie te kry. 'n Mens is altyd geneig om jou aan die eie tyd te verkyk omdat die perspektief wat die geskiedenis gee, ontbreek. Die gevaar is daar dat mens groot sal sien wat later blyk klein te gewees het en dat mens verontagsaam wat later van eminente waarde geag word. Op hierdie sta=dium is dit bevoorbeeld moeilik om definitief te be=paal of die geskrifte van Robinson, Altizer of Sölle een=

dagsvlieë is en of hulle invloed nog jare sal deurwerk. Daar kan slegs bepaal word wat hulle invloed nóú is. En wat juis merkwaardig is, is dat die geskrifte oor die dood van God en die stad van die mens 'n gróót aan=tal lesers bereik wat nie teologies geskoold is nie. terwyl die teoloë oor die algemeen meer gereserveerd daarteenoor staan. Mens het die indruk dat die ge=wone lidmate van die kerk sélf van hierdie teologie wil kennis neem en nie deur bemiddeling van hulle voor=gangers nie. (Is dit 'n teken van ontvoogding?) Ook buite die Christelike gemeente is daar belangstelling. In vele weekblaaie en dagblaaie waarin in geen jare aandag aan kerk en teologie bestee is nie, vind mens nou artikels oor die nuutste teologiese strominge. Verder is dit opmerklik dat die teologiese kritiek op die werke van byvoorbeeld Robinson en Altizer minder by die algemene lesers uitkom as die gedagtes van die sg. vernuwingsteoloë.[84)]

'n Mens het die indruk dat die situasie omgekeerd is aan dié net na die Tweede Wêreldoorlog. Toe was daar ook vernuwingspogings in kerk en teologie wat ver=al geïnspireer is deur die teologie van Karl Barth. Dit bly egter 'n vraag of die kern van Barth se bood=skap werklik tot die breë lae van die volk, tot die gemeente, tot die onderwyserskorps of die leerlinge in die skool deurgedring het. Vir vele het Barth se po=sisie t.o.v. die kultuur nooit heeltemal duidelik ge=word nie. En in hierdie kultuur leef die gemeente; dit is die daaglikse omgewing van alle mense, kerklik of onkerlik. 'n Teologie wat geen verbinding maak

84) Hoenderdaal, G.J., op. cit., p. 200.

tussen die Woord van God en die menslike eksistensie nie, soos dié van Barth.[85] blyk „geen voet aan wal te krijgen" by die oorgrote meerderheid van die mense.[86] En omdat die nuwe teologie so nou aansluit by die mens=like eksistensie, wat juis in ons tyd in die branding staan, kan verwag word dat dit aanklank sal vind en sy invloed breed en diep sal laat geld.

By die oorsig oor die huidige kultuur- en teolo=giese situasie het ons die agtergrond geskets waarteen ons kinders vandag godsdienstig opgevoed moet word. Daaruit is dit duidelik dat die moderne kind, die tyds=gees en die nuwe neiginge in die teologie onoorsien=baar groot uitdagings aan die onderwyser, ouer en ka=tegeet stel.

Dit is duidelik dat in ons tyd bepaalde vanself=sprekendhede in die konvensionele godsdiensonderrig verdwyn het of behoort te verdwyn.[87] Dit sal in hierdie studie duidelik aangetoon moet word. Die kri=sis wat ontstaan het, is dat die klassieke Christolo=gie geen ontmoeting meer tot stand bring nie.[88] Baie onderwysers, ouers en predikante is vandag bekommerd omdat die Godsopenbaring nie meer beluister word nie; hulle voel hulself gesondenes om die geloofskat, die kennis van die Bybel, die leer van die kerk so suiwer

85) Runia, K. Barth's doctrine of Holy Scripture, pp. 189-219; en Spier, H.J. Karl Barth, profeet of ketter, pp. 74-88.

86) Hoenderdaal, G.J., op. cit., p. 200.

87) Zuidhof, J.P., op. cit., p. 326.

88) Berkhof, H., Christologie en Christusprediking i.v.m. de huidige beleving van de werklikheid. Neder=landsch Theologisch Tijdschrift, 21(5): p.385, Julie 1967.

moontlik oor te dra, maar vind in die moderne jeug geen klankbodem meer nie. Hulle soek na weë om wê= reld en mens vir God oop te breek.[89) ] Daar moet dus in hierdie probleem 'n uitweg gebied en riglyne aange= dui word. 'n Eietydse vorm om die jeug te boei sal gebied moet word. Ons sal 'n taal moet praat wat hul= le aanspreek en dit sal 'n verstaanbare taal moet wees.[90)] Weë sal gevind moetword om die verlede vir die opkomende geslag sinvol te dui, die openbaringsgeskie= denis weer relevant te maak.[91)] Dit is ook die taak van hierdie ondersoek om lig op hierdie pad te gee. Vrae soos die volgende sal aan die orde moet kom : Hoe kan die moderne jeug bereik word? Is ons Bybel= se leerstof werklik volstrek verouderd of wanaangepas? Is ons didaktiek in die Godsdiensonderrig nie alte ver= baal nie?[92)] Hoe moet Christus aan die jongmense van ons geslag gebring word: klassiek, histories-krities, eksistensialisties, evolusionisties of heilshistories? 93) Kan die moderne eksistensieteoloë enigsins rig= ting bied in ons dilemma? Is daar iets in hulle teo= logie wat vir ons positiewe waarde het? Is daar ne= gatiewe en gevaarlike elemente in hulle teologie? Indien wel, wat kan en moet gedoen word om ons kinders te bewapen daarteen? Is ons tradisonele verklaring van die Skrif aan die jeug verouderd? Is daar nuwe= re verklaringsprinsipes waarvan die hedendaagse onder=

89) Zuidhof, J.P. op. cit., p. 328.

90) Ibid., p. 327.

91) Berkhof, H. Christus, de zin der Geschiedenis.

92) Gieles, P.Katechese op de middelbare school als gesekulariseerd vak. Verbum, 35(1): p. 9, Jan. 1968.

93) Berkhof, H. Christologie en Christusprediking. p. 371.

wyser in die Godsdiensonderrig kennis behoort te neem?

On huidige probleem is in die wortel van die saak natuurlik 'n probleem van alle tye. Dit het egter verskerp sinds die klassieke Christologie uitgewerp is en die moderne historiese denke massaal triomfeer.[94]

Om enigsins antwoorde op bovermelde vrae te kan gee, is 'n indringende bespreking van die hedendaagse teologie noodsaaklik. Dit sal inhou 'n naspeur van die herkoms daarvan ten einde dit deeglik te kan onder=ken. Verder sal aangetoon moet word hoe dié teologie die Godsdiensonderrig op skool beïnvloed. Dan sal in=dringende kritiek (waarderend waar moontlik en afkeu=rend waar nodig) op verantwoordelike wyse gelewer moet word. En eindelik sal riglyne vir 'n sinvolle Gods=diensonderrig in ons tyd gebied moet word.

Dit is natuurlik onmoontlik om alle fasette van die huidige teologie en godsdienstige situasie volledig en bowendien deskundig te behandel. Klem sal hoofsaaklik gelê word op dié aspek wat die Godsdiensonderrig op skole direk of indirek raak. 'n Bewuste onvolledig=heid is dus onvermydelik. Bowendien is die probleme so talryk en die beskikbare literatuur so omvangryk dat ook hier 'n keuse noodsaaklik is. Dit sal in hierdie geskrif dus meer gaan om 'n aan voorbeelde ge=illustreerde tipering en verheldering van die teologie=se en godsdienstige situasie waarin ons ons bevind as om 'n volledige behandeling sonder gapings.

Die omvang van die probleem is so groot dat die uitweg uit die situasie van ons tyd nooit deur een mens, maar slegs deur heel die Christendom gegee moet

94) Ibid., p. 385.

word.[95] Daarby is die situasie so gekompliseerd dat ons nie beskeie en versigtig genoeg kan wees nie.[96]

95) Van de Pol, W.H., op. cit., p. 63.

96) Ibid., p. 74.